Woensdag 29 Junie
Skrifgedeelte: Filippense 1
Fokusgedeelte: Filippense 1:3-11

Bly groei in jou dienswerk as gelowige. Dit eer God.

Hoe gaan dit met jou indiensopleiding as gelowige? Is jy medewerker of "kliënt"?
Paulus dank die Here vir gelowiges wat hulle diens (amp) ernstig opneem, en saam met hom gewerk het sodat die evangelie verkondig kon word. Hierdie samewerking was deel van die goeie werk, waarvan Paulus oortuig was dat God in hulle begin het. Maar gelowiges kan nie stagneer nie, ons bly groei, want dit kan eers tot 'n einde kom wanneer Christus Jesus weer kom.
Hoe na lê medegelowiges aan jou hart? Dit gebeur wanneer ons deel het aan mekaar se lewens, wanneer ons die genade en die pyn deel soos die een liggaam wat God bedoel het dat ons moet wees. Tog moet die kern daarvan wees dat ons ook soos een die goeie boodskap van redding deel en verdedig.
Selfs dan is die groei nie klaar nie, want ons moet ook in ons karakter voor God en mekaar groei. Hiervoor bid Paulus spesifiek vir sy medewerkers in Filippi: "… dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling."
Dit bring ons dan ook by 'n baie belangrike karaktereienskap van 'n gelowige wat sy diens (amp) en roeping verstaan, naamlik om te kan onderskei wat regtig belangrik is in hierdie lewe en in ons geloof. Want wie kan onderskei, en dus nie vashaak by godsdienstige of selfsugtige onbenullighede nie, hulle sal in die regte verhouding tot God wees.
Kom ons oefen hard in ons dienswerk as gelowiges, sodat ons in die regte verhouding met God kan wees, tot sy lof en eer.
Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)